

23. Publikasies/Media

23.1 RAPPORT VAN DIE DEPUTATE KERKLIKE MEDIA (Artt.12, 120, 164, 172, 189, 190, 191)

- A. Dr. CFC Coetzee stel die Rapport.
- B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na die Kommissie : Publikasies. Finansiële implikasies word verwys na die Finansiële Kommissie. Die samestelling van die Deputate word verwys na die Kommissie : Benoeming van Deputate.
- C. Ds. C Kruger en dr. G Breed rapporteer namens die Kommissie : Publikasies.
- D. Ds. EJ Tiemensma rapporteer namens die Kommissie : Finansies.
- E. Ds. PJ Nel rapporteer namens die Kommissie : Benoeming van Deputate.

F. RAPPORT

1. **Opdrag:** Vgl Acta 2000, artt.127, 128, 147, 149, 159, 177, 178, 179 asook Rapporte van subgroepe.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode moet kennis neem

2.1 *Gesprek met Senaat TSP*

Verskeie gesprekke is gevoer met die Senaat van die TSP oor die betrokkenheid van Senaatslede by *Die Kerkblad*. Tans word die Brandpunt-artikel in elke tweede uitgawe deur 'n professor behartig en is daar ook 'n gereelde rubriek waarin sake van die kant van die TSP sowel as die PU vir CHO aan die orde gestel word.

2.2 *Vergoeding aan Redakteurs*

Die Deputate het op versoek van die Administratiewe Buro aandag gegee aan die saak van vergoeding (honorarium) aan die Redakteurs van die onderskeie publikasies.

2.3 *Meer-doeltreffende bemerking van Die Kerkblad, Die Vroueblad en Die Slingervel*

'n Kommissie is deur die Deputate benoem om aan hierdie saak aandag te gee. Alhoewel die Kommissie by verskeie geleenthede gerapporteer het, is geen finale besluite geneem nie. Indien nodig, sal aanvullend oor hierdie aangeleentheid gerapporteer word.

2.4 *Amptelike Engelse vertaling van Belydenisskrifte en Kerkorde*

Die Deputate het 'n versoek gerig aan prof. LF Schulze (primus) en drs. H Dijkstra (sekundus) om die Deputate te adviseer oor watter Engelse vertaling van die Belydenisskrifte die amptelike vertaling van die GKSA moet wees aangesien verskillende vertalings bestaan wat onderling van mekaar verskil. Behalwe die Belydenisskrifte moet ook die Engelse Kerkorde aandag kry. Vanweë sy kennis van Engels, is prof Johan van der Walt van die PU vir CHO ook gevra om hulp te verleen. Op die datum van die opstel van hierdie Rapport was die saak nog nie afgehandel nie en sal daar moontlik aanvullend gerapporteer word.

2.5 *Beriggewing deur die Pers en ander media tydens die Sinode*

In die lig van probleme wat telkens tydens 'n Sinode ondervind word ten opsigte van mediadekking, is die subgroep vir Die Almanak versoek om in oorleg met ander

Deputategroepe te poog om 'n meer-bevredigende werkswyse te bedink wat moontlik reeds tydens Sinode 2003 in werking gestel kan word. Indien moontlik, sal aanvullend hieroor gerapporteer word.

2.6 Slegte skuld ten opsigte van Kerklike tydskrifte

Die Deputate het gedurende Mei 2002 kennis geneem dat 57 Kerke altesaam R93 000 skuld ten opsigte van die Kerklike tydskrifte en dat daar ongeveer 500 individuele wanbetalers is. Daar word van die kant van die Direkteur van die Administratiewe Buro met die betrokke kerke geskakel en briewe gerig aan die wanbetalers. Indien nodig, sal aanvullend hieroor gerapporteer word.

2.7 Bekostigbaarheid van Kerklike tydskrifte

In die lig van dalende intekenaartalle ('n tendens wat by kerklike tydskrifte wêreldwyd voorkom), stygende koste en ander faktore, het die Deputate aandag gegee aan die bekostigbaarheid van die kerklike tydskrifte in die toekoms. Geen bevredigende oplossing kon tot dusver gevind word nie. Daar sal moontlik aanvullend hieroor gerapporteer word.

Besluit: Kennis geneem van 2.1 tot 2.7.

2.8 Indeksering van Kerklike tydskrifte

Die Deputate het in gesprek getree met die Direkteur van die Ferdinand Postma Biblioteek om vas te stel of die biblioteek op een of ander wyse behulpsaam kan wees met die indeksering van artikels in die Kerklike tydskrifte. Met die afsterwe van dr Dion Kempff het die proses van indeksering tot stilstand gekom. Daar sal waarskynlik aanvullend hieroor gerapporteer word.

Besluit: Met dank kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode moet besluit

3.1 Samestelling van die Deputate

Die Deputate beveel aan dat die Sinode by die samestelling van Deputate terugkeer na die werkswyse wat tot en met Sinode 2000 gevolg is, nl. dat Deputategroepe met 'n welomskrewe opdrag (vgl KO, artikel 49) benoem word.

Besluit: Verwys na Kommissie benoeming van Deputate.

Motivering

Die huidige wyse van samestelling van Deputategroepe bring die beginsel van KO, art.49 in gedrang. Die Deputate Publikasies het as Deputategroep in die geheel geen opdrag ontvang nie.

1. Die huidige wyse van samestelling van Deputategroepe het nie langs die ordelike weg op die tafel van Sinode 2000 gekom nie.
2. Die huidige werkswyse lewer in die praktyk talle probleme deurdat 'n volle Deputatevergadering opgeroep moet word om sake te hanteer wat in sekere gevalle net 'n subgroep van die Deputate direk raak (bv *Die Kerkblad*).
3. Die huidige werkswyse is nie meer-effektief uit 'n koste oogpunt as die vorige beproefde praktyk nie.

G. KOMMISSIERAPPORT : KOMMISSIE BENOEMING VAN DEPUTATE

1. Sake waarvan die Sinode kennis moet neem

1.1 Die Kommissie het die aanbeveling in 3.1 en die motivering vir die aanbeveling, beoordeel.

Besluit: Kennis geneem.

2. Beredenering

2.1 Ten opsigte van 1

2.1.1 **Die Deputate Kerklike media motiveer** dat die “huidige wyse van samestelling van Deputaatgroepe“ nie ordelik op die tafel van Sinode 2000 gekom het nie.

2.1.2 **Die Kommissie stel** dat die betrokke saak wel uit ‘n Rapport ordelik op die tafel van die Sinode gekom het. Vergelyk hiervoor die Rapport van die Bestuur van die Administratiewe Buro Acta 2000:290, 1.2.8: “Die Bestuur en alle Deputaatgroepe moet voortdurend kyk na moontlikhede om koste te bespaar sonder om die werk van die koninkryk te benadeel”. Van hierdie opdrag het die Sinode kennis geneem (Acta 2000:290, ‘besluit’ onder ‘1.Opdrag’). Hierdie werkswyse waarvan kennis geneem is, is in die Aanvullende Rapport van die Bestuur woordeliks aan die Sinode gestel en goedgekeur (Acta 2000:326, 3).

2.1.3 **Gevolgtrekking:** Die betrokke saak het dus ordelik uit ‘n Rapport op die tafel van Sinode 2000 gekom.

Besluit: Kennis geneem.

2.2 Ten opsigte van 2

2.2.1 **Die Deputate motiveer** dat die huidige samestelling van die Deputategroepe probleme lewer.

2.2.2 **Die Kommissie stel** dat die huidige samestelling en werkswyse by sommige Deputaatgroepe probleme gelewer het, maar by ander nie. Die Kommissie neem die probleme en ander kommentaar wat tydens hierdie Sinodesitting onder die aandag van die Kommissie gebring is, wel in berekening.

Besluit: Kennis geneem.

2.3 Ten opsigte van 3

2.3.1 **Die Deputate motiveer** dat die werkswyse nie koste effektief was nie.

2.3.2 **Die Kommissie stel** dat uit die syfers vanuit die Administratiewe Buro verkry, hierdie bewering nie bevestig kan word nie.

Besluit: Kennis geneem.

3. Aanbeveling

3.1 Die Sinode neem kennis van die Deputate Publikasies se aanbeveling (3.1)

3.2 Deputategroepe word saamgestel en aanbeveel volgens die beginsel van KO, art.49.

Besluit: Goedgekeur.

2.4 *Aanwys van Redakteur van Die Kerkblad*

Die Deputate versoek die Sinode, via die Redaksiekommissie van *Die Kerkblad*, om uitvoering te gee aan die besluit van Sinode 1997 (Acta:834/5) met die oog op die aanwys van ‘n Redakteur in die plek van prof. GJC Jordaan, aan gesien hy te kenne gegee het dat hy sy termyn as Redakteur na hierdie Sinode wil beëindig. Die volledige

besluit van Sinode 1997 lui soos volg: “Sodra prof. GJC Jordaan nie meer sy weg oopsien om verder as Redakteur van *Die Kerkblad* op te tree nie en dit nie vir enige professor moontlik is om in ooreenstemming met die betrokke Sinodebesluite die werk te behartig nie, die Deputate vir Kerklike Tydskrifte versoek word om die moontlikheid te oorweeg om ‘n emerituspredikant of –professor in die pos van Redakteur te benoem. Sodanige benoeming hang af van die beskikbaarheid van ‘n geskikte persoon. Gesondheid, liggaamskragte en gawes speel hierin ‘n belangrike rol.”

Die Deputate sal met die oog op besluitneming deur die Sinode, in die Aanvullende Rapport of op ‘n ander wyse ‘n groslys van beskikbare professore of emerituspredikante en –professore beskikbaar stel.

Besluit: Kennis geneem.

4. Rapporte van die onderskeie subgroepe

(Elke Rapport van die onderskeie subgroepe gebruik hul eie numering)

4.1 Die Kerkblad

4.1.1 Werksaamhede

Die Redaksiekommissie het tweemaandeliks vergader, by welke vergaderings beplanning gedoen is van komende uitgawes, keuring van kopieë behartig is en ander sake hanteer is wat deur die Deputate na die Redaksiekommissie verwys is.

Ten einde die keuring van kopieë op ‘n deurlopende basis te hanteer, het die kernredaksie weekliks vergader. By vergaderings van die kernredaksie is nuwe artikels en korrespondensie deurgegaan en voorlopig gekeur, ten einde die keuringsproses te bespoedig. Kopieë wat by keuring enige onsekerheid opgelewer het, is na die volle Redaksiekommissie verwys vir keuring. Sulke kopieë, asook elke Redaksionele- en Brandpunt-artikel is per elektroniese pos aan die Redaksiekommissie deurgestuur vir keuring.

Verder was elke lid van die Redaksiekommissie op rotasiebasis verantwoordelik vir die skryf van een Brandpunt-artikel per maand. Elke tweede uitgawe se Brandpunt-artikel is op uitnodiging geskryf deur een van die professore van die Teologiese Skool (uitgesluit die 3 professore wat op die Redaksiekommissie dien). Die Teologiese Skool het self die rotasie van skryf van sulke Brandpunt-artikels gereël.

Die samewerking van die professore van die Teologiese Skool asook ander kundiges is bekom by die beplanning van sommige Tema-uitgawes asook advies oor die keuring van bepaalde artikels en korrespondensie.

Beplanning is ook aan die gang om die tema-uitgawes op CD beskikbaar te stel vir gebruik onder andere deur katkisante. Sedert 2001 verskyn *Die Kerkblad* ook op die GKSA se elektroniese tuisblad.

4.1.2 Tegniese versorging

Die Hulpredakteur, mev. Fourie, is verantwoordelik vir die dag-tot-dag aktiwiteite van *Die Kerkblad* asook vir die uitleg van die blad. Dit word gedoen in noue samewerking met die Redakteur en die drukkers wat verantwoordelik is vir die finale produk.

4.1.3 Spesiale uitgawes en tema-uitgawes

In die loop van die termyn is die volgende spesiale uitgawes saamgestel: Nasionale Sinode 2000; die Anglo-Boereoorlog (1899-1901); 350 jaar Gereformeerde-wees (6 April 2002) asook (in November van elke jaar) die teologiese studente wat afstudeer.

Een uitgawe elke maand was op 'n spesifieke tema toegespits. Dikwels is hierdie temas beplan op grond van versoeke van Kerkbladlesers. Sedert 2000 is die volgende tema-uitgawes gepubliseer:

Die kerk – lewend of dood?; Sondagviering en Sondagheiliging; Paasfees; Hemelvaart en Pinkster; Verbond en ouerskap; Voorsienigheid en Verantwoordelikheid; "Tot in die grysheid toe ..."; "Alternatiewe denke en die godsdiens; Christelike Onderwys; Opebrief aan die President; Die Huwelik; Die "sewe doodsondes"; Groei van die Christendom; Die Christelike hoop; Die Christen en Tegnologie; Geestelike Oorlogvoering; Kitsrykdom. Tot aan die einde van 2002 word nog die volgende temas beplan: Die wederkoms van Christus; Diakonie; Ekonomie; Kerkreg en Kerkorde; Sang in die erediens.

Dit is die bevinding van die Redaksiekommissie dat die tema-uitgawes oor die algemeen baie positief ontvang word.

4.1.4 Algemene inhoud

Artikels wat nie vir tema-uitgawes aangevra word nie, word spontaan ingestuur vir *Die Kerkblad*. Die groot aantal artikels wat ontvang word, is rede vir dankbaarheid. Artikels wat volgens die redaksionele beleid van *Die Kerkblad* vir plasing kwalifiseer, is geplaas na gelang van beskikbare ruimte. Amptelike kennisgewings van meerdere vergaderings en Deputategroepe, asook gemeentebeelde wat van tyd tot tyd ontvang is, is alles geplaas. Nuusbrokkies uit die gemeentes is geplaas in die rubriek *Op die Kerkwerf*.

Benewens die rubriek *Op die Kerkwerf* is ander nuusbrokkies wat vir die leserspubliek van belang mag wees, in die rubriek *Van Oraloor* geplaas. Kerklike nuus op die internasionale front is gereeld by wyse van opsomming geplaas. 'n Rubriek waarin kortliks verslag gedoen is van die wel en wee van geëmeriteerde predikante van die GKSA (*Wat het geword van ... ?*) het baie positiewe reaksie gehad by lesers.

4.1.5 Korrespondensie

'n Toenemende stroom van korrespondensie van lesers is ontvang, wat grootliks toegeskryf kan word aan die gerief wat elektroniese pos meebring het. Meningsverskille oor baie aangeleenthede op kerklike terrein het gelei tot 'n al groter wordende aantal briewe waarin meningsverskille voorkom en wat soms polemies van aard is. Hierdie ontwikkeling het die taak van die Redaksiekommissie baie bemoeilik, veral aangesien sommige sake kerklik gesproke soveel sensitiwiteit bevat dat *Die Kerkblad* versigtigheid aan die dag moes lê om nie 'n platform vir stemmingmakery te word nie. Die gevolg was dat sommige briewe nie geplaas kon word nie of, in die geval van 'n groot groep briewe oor dieselfde onderwerp, slegs by wyse van opsomming geplaas is. Hoewel die Redaksiekommissie deurentyd sulke korrespondente met groot deernis probeer hanteer het, was daar tog by sommige van hulle ongelukkigheid hieroor. 'n Volgende Redaksiekommissie sal verder moet besin oor die redaksionele beleid insake korrespondensie.

4.1.6 Dienstyf van Redakteur

Na 'n dienstermyn van 11 jaar en 4 maande (tot en met Sinode 2003) versoek prof. Jordaan dat sy dienste as Redakteur van *Die Kerkblad* met Sinode 2003 ten einde kom.

Die Redaksiekommissie sal in hierdie verband 'n aanbeveling aan die Deputate maak ten einde Sinode 2003 te adviseer oor die toekomstige hantering van die redaksionele werk van *Die Kerkblad*.

Besluit:

1. Prof GJC Jordaan word bedank vir die bekwame wyse waarop hy as Redakteur van *Die Kerkblad* vir meer as 11 jaar opgetree het.
2. Die Deputate vir Kerklike Tydskrifte ontvang geleentheid om Prof. Jordaan op gepaste wyse te bedank.
3. Prof. JH van Wyk word aangestel as nuwe Redakteur van *Die Kerkblad*.
4. Die aangewese Redakteur wys in samewerking met die te benoemde Deputate 'n Redaksiekommissie aan.

4.2 Die Gereformeerde Vroueblad

4.2.1 Samestelling

Die Redaksiekommissie van *Die Gereformeerde Vroueblad* bestaan tans uit die volgende lede:

Mev. Mariana Venter (Voorsitter en Redakteur), mev. Louisa van der Walt (sekr.), mev. Rinske Vreken, prof. Jacques van der Elst, dr. Caéla Scott, ds. Dirk Laufs, mev. Wilna Pretorius en dr. Mariëtte Britz.

Mev. Mariana Venter het vanaf 1 Februarie 1999 die redakteurswerk gedoen. Prof. Marlene Verhoef het vanaf Februarie 1999 tot Februarie 2001 op die redaksie gedien waarna dr. Mariëtte Britz vanaf Mei 2001 in haar plek benoem is. Mev. Wilna Pretorius het ook vanaf Mei 2001 op die redaksie gedien.

Besluit: Kennis geneem.

4.2.2 Sake waarvan die Sinode moet kennis neem

4.2.2.1 *Die Gereformeerde Vroueblad* het na 56 jaar al onomstootlik bewys dat dit bestaansreg het en in sy huidige vorm moet voortbestaan

Motivering

4.2.2.1.1 Binne die breër kerkverband bestaan waardering vir die inhoud en aanslag van *Die Gereformeerde Vroueblad*. Vroue- sowel as manslidmate lees die blad – hoofsaaklik op grond van die aard van die artikels, 'n toeganklike skryfstyl en die feit dat dit situasiegerig is. In hierdie opsig het die tydskrif sy eie nismark verwerf.

4.2.2.1.2 Artikels wat in hierdie kerklike tydskrif gepubliseer word, dek nie net meer aspekte wat die “tradisionele” vroulike rolbesetting belig nie. Bo en behalwe byvoorbeeld informatiewe artikels oor kinderopvoeding, ondersteunende barmhartigheidswerk, word ook soms skerp gefokus op veral die vrou se belewing van byvoorbeeld egskeiding, kinderloosheid, skenker-ouerskap, pendelhuwelike, kanker, vigs, ensomeer. Met hierdie tipe artikel word gepoog om feitelike inligting aan lesers deur te gee, maar die gevoelsmatige impak van sodanige belewenisse word ook baie spesifiek in die aanpak en invalshoek betrek. Die betrek van die gevoelsmatige sy van ons bestaansproblematiek is dikwels die plusfaktor van artikels wat in *Die Gereformeerde Vroueblad* geplaas word.

- 4.2.2.1.3 'n Baie breë spektrum artikelonderwerpe word gedek, maar daar word altyd gepoog om 'n dimensie in te sluit wat spesifiek vir die gelowige rigtinggewend kan wees. *Die Gereformeerde Vroueblad* plaas ook stemmings- en besinningsartikels. Hierdie tipe artikels het 'n "sagter" aanslag as feitelike en informatiewe artikels en het ook 'n gewaardeerde plek in ons tydskrif.
- 4.2.2.1.4 *Die Gereformeerde Vroueblad* poog om op 'n gebalanseerde wyse verslag te doen – ook oor kontensieuse sake. Teenoormekaarstaande standpunte kry dus in ons tydskrif publikasieruimte sodat lesers die geleentheid het om hul eie verantwoordelike standpunt te vorm. Daar word nie uitgegaan van die standpunt dat artikels wat in *Die Gereformeerde Vroueblad* gepubliseer word, die laaste en beslissende woord te sê het nie. Veel eerder is die mikpunt dat dit tot *nadenke* moet stimuleer.
- 4.2.2.1.5 Dat ook buite-instellings die joernalistieke gehalte en relevansie van *Die Gereformeerde Vroueblad*-artikels raaksien, word benadruk deur die feit dat daar reeds drie maal deur die toekenning van die CNW-prys erkenning gegee is aan artikels wat in *Die Gereformeerde Vroueblad* gepubliseer is: 1998 – Sielie Laubscher; 2000 – Mariana Venter; 2001 – Gerrit Coetzee
- 4.2.2.2 Die huidige werkwyse en prosessering van *Die Gereformeerde Vroueblad* het knelpunte wat aandag behoort te kry.

Motivering

- 4.2.2.2.1 Die Redaksiekommissie wat verantwoordelik is vir die publikasie-gereedmaking en prosessering van die blad doen dit op 'n vrywilligersbasis en binne die beperkinge van persoonlike tyd.
- 4.2.2.2.2 Die tydsuitset wat die hantering van *Die Gereformeerde Vroueblad* verg, is nie altyd haalbaar binne die beskikbare raamwerk van die menslike hulpbronne waaroor die huidige Redaksiekommissie beskik nie. Aangesien hierdie probleem ook vir die toekoms 'n konstante faktor gaan bly, sal die Deputate moet beplan vir moontlike alternatiewe hanterings- en prosesseringswyses.
- 4.2.2.2.3 Die redakteurspligte op hierdie stadium is te omvattend om op 'n *ad hoc*-basis te hanteer. Redaksionele en redigeringswerk, proeflees en heelwat administratiewe pligte is meer as wat iemand op 'n tydelike basis kan behartig.
- 4.2.2.2.4 Die persoon wat tans die uitlegwerk van *Die Gereformeerde Vroueblad* behartig, is aan die huidige redaksie verbonde. As sy die redaksie na aftrede verlaat, kan dit tot verdere komplikasies lei. (Sy is origns in diens van die Universiteit en die Universiteit word vergoed vir die dienste wat sy lewer.)
- 4.2.2.2.5 Die Deputate sal in hul beplanning aandag moet gee aan die aard van die werkklas en die toekomstige funksioneringswyse van die blad. Die ideaal bly steeds dat 'n besoldigde redakteurspos geskep word waarvoor geskikte kandidate aansoek doen. Indien dit egter nie kan realiseer nie word die volgende voorstel ter oorweging aan Sinode voorgelê:

Voorstel

Dat die Sinode dit moet oorweeg om elke drie jaar 'n roterende redaksie vir *Die Gereformeerde Vroueblad* saam te stel wat nie noodwendig op Potchefstroom hoef gesetel te wees nie. Areas wat oorweeg kan word, is

byvoorbeeld Johannesburg en Pretoria waar daar 'n groot genoeg konsentraat lidmate is wat die nodige kundigheid behoort te hê om die blad byvoorbeeld vir 'n periode van drie jaar te bedryf en dan weer aan 'n volgende Redaksiekommissie oor te gee. So 'n reëling is moontlik indien 'n toekomstige Redaksiekommissie se lede verkieslik rekenaargeletterd is en voorbereide kopie sodoende elektronies Potchefstroom toe gestuur kan word. Indien die Sinode die voorstel van 'n roterende redaksie oorweeg en daarop besluit, verskuif die werkslas van 'n Redakteur en Redaksiekommissielede na 'n periode van drie jaar na 'n volgende sentrum. (Met hierdie reëling word die probleem natuurlik nie opgelos nie – slegs “verskuif”!)

Omdat hierdie voorstel steeds nie 'n oplossing bied vir die bestaande knelpunte wat hierbo genoem is nie, moet aandag gegee word aan die taakoms krywing van 'n Redakteur wat verkieslik nie 'n ander voltydse betrekking beklee nie en beskik oor basiese rekenaargeletterdheidsvaardighede.

Besluit: Kennis geneem.

4.2.3 Sake waaroor die Sinode moet besluit

Die pos en toekomstige funksionering van 'n Redakteur en Redaksiekommissie vir *Die Gereformeerde Vroueblad*. Kyk in hierdie verband die voorstel en motivering onder 4.2.2 genoem.

Besluit: Kennis geneem.

4.3 Slingervel

4.3.1 Die redaksionele beleid 2000 tot 2003

4.3.1.1 Inleidend

Die Slingervel word onder toesig van die Deputate Kerklike Media van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) met die hulp van die Redaksiekommissie as 'n kerklike publikasie vir die skoolgaande jeug uitgegee. *Die Slingervel* is nie 'n amptelike mondstuk van die GKSA nie, maar die GKSA is wel die eienaars en uitgewers van *Die Slingervel*.

Besluit: Kennis geneem.

4.3.1.2 Doelstellings

- 4.3.1.2.1 Om die lesers, die skoolgaande kerkjeug, elk in sy eie wordingsfase, te begelei in die Skrifwaarhede wat vir hulle in die tyd waarin hulle leef van toepassing is.
- 4.3.1.2.2 Punt 4.3.1.2.1 te verwerklik by wyse van Skrifoordeninge, artikels en rubrieke waarin die problematiek van die kerkjeug telkens aan die orde kom.
- 4.3.1.2.3 Om ook ontspanningsmateriaal te bied by wyse van blokkiesraaisels in verskillende vorme, vasvra rubrieke, teken en inkleur.
- 4.3.1.2.4 Om vir die kleuters en vroeë laerskolers 'n storie te publiseer.
- 4.3.1.2.5 Om by wyse van 'n penmaat- en 'n e-maatrubriek, 'n briewebus en 'n verjaardaghoekie die lesers se deelname te prikkel en aan te moedig.
- 4.3.1.2.6 Om ook te sorg vir 'n pretbladsy op 'n gesonde en gebalanseerde wyse.
- 4.3.1.2.7 Om voorsiening te maak vir maats se eie werk.

- 4.3.1.2.8 Om met moderne joernalistieke aanpak *Die Slingervel* se uitleg en aanbieding in te klee op 'n wyse wat vir die teikengroep prikkelend en aantreklik is.
- 4.3.1.2.9 Om die lesertal van *Die Slingervel* met doelgerigte bemarkingsprojekte te verhoog.
- 4.3.1.2.10 Om op 'n gereelde basis *Die Slingervel* te evalueer in die lig van die heersende lewensmilieu van die skoolgaande jeug.

Besluit: Kennis geneem.

4.3.2 Die redaksie 2000 – 2003

Ds. Nico van der Merwe (Redakteur), Joey Fourie (Tipografie en uitleg), Neréne Booyesen (Junior Rubrieke), Riana Jonker (Verjaardaghoekie), Marina Kotze (Penmaatrubriek), Susan Lourens (Surita – Tienergesprekslyn), ds. Dirk Postma (Redaksionele Advies), Rina van der Merwe & Rouxan Jonker (Raaisels en kopkrappers), Attie Venter (Wetenskapartikels), Bettie van Sittert (Tikster), Hannatjie Vorster (Ditta – Tienerforum).

Besluit: Kennis geneem.

4.3.3 Uitvoering van die opdrag

- 4.3.3.1 *Die Slingervel* het gereeld maandeliks verskyn en die ywer, toewyding, entoesiasme en oorgawe van die hele redaksie moet hier met dankbaarheid teenoor hulle gemeld word.
- 4.3.3.2 Die Redaksie het gepoog om so getrou as moontlik die doelstellings in die redaksionele beleid te verwesenlik. Aan doelgerigte bemarkingsprojekte (1.2.9) vir *Slingervel* alleen, is ongelukkig nie individueel aandag gegee nie omdat dit 'n saak was waaraan die Deputate vir Kerklike Tydskrifte in die besonder aandag geskenk het.
- 4.3.3.3 In die besonder is meer as in die verlede, aandag gegee aan die tieners en hulle behoeftes, sonder om die juniorgroepe se inhoud te verskraal, sodat die inhoud van *Die Slingervel* die verbondsjeug van kleuter deur puberteit tot adolessensie op een of ander wyse aanspreek.
- 4.3.3.4 Die Redaksie het probeer om die balans te handhaaf tussen die godsdienstige inhoud van die blad en ook ander leesstof met 'n Christelike en speelse inhoud. Te alle tye is gepoog om die Christelike karakter van die *Slingervel* te eerbiedig en uit te bou.
- 4.3.3.5 Daar is ruim geleentheid gebied vir deelname deur die lesers en veral hulle doen en late asook eie werk. Die rubrieke Tienerforum en Tienergesprekslyn is gerig op tienervraagstukke.
- 4.3.3.6 Die reaksie van die lesers was redelik. Veral met die beskikbaarheid van die internet is op 'n e-posvlak met die lesers gekorrespondeer. By wyse van die internet is reaksie selfs ontvang uit Australië, Switserland en Engeland.
- 4.3.3.7 Wat die voorkoms van *Die Slingervel* betref word tans van 8 bladsy in volkleur gebruik gemaak.

Besluit: Goedgekeur.

4.4 Ons Bondsjeug

4.4.1 Publikasie

Ons Bondsjeug het die afgelope drie jaar gereeld as 'n maandelikse jeugbylae van 8 bladsye in *Die Kerkblad* verskyn. Die eerste *Ons Bondsjeug* het in Januarie 1981 verskyn.

Besluit: Kennis geneem.

4.4.2 Inhoud en verspreiding

Tydens die afgelope termyn is gepoog om met aktuele artikels, foto-bylaes, jeuggroepwenke en 'n aantreklike bladuitleg die jongmense te bereik. Die huidige reëling dat die drukkers bykomende eksemplare druk wat aan gemeentes gestuur word vir uitdeling tydens katkisasie, werk goed en word voortgesit. Daardeur word die jeugbylae meer direk in die hande van die jeug geplaas en maak die jongmense reeds op 'n vroeër ouderdom met *Die Kerkblad* kennis. Die meeste Deputate van meerdere vergaderings betrokke by jeugwerk benut ook *Ons Bondsjeug* vir die bekendstelling van jeugaktiwiteite en kommunikasie met die jongmense.

Besluit: Kennis geneem.

H. DIE TOEKOMS VAN “DIE KERKBLAD”, “DIE GEREFORMEERDE VROUEBLAD” EN “DIE SLINGERVEL”

1. Agtergrond

Die Kommissie : Publikasies het in die uitvoering van hulle opdrag bewus geraak van die finansiële nood waarin ons tydskrifte verkeer. *Die Kerkblad* het die afgelope drie jaar met 'n tekort van R101,000 afgesluit en die *Slingervel* met 'n tekort van R76,000. Ons het onder die indruk gekom dat, indien daar nie spoedig iets daadwerkliks gedoen word nie, die tydskrifte se voortbestaan in gevaar is.

2. Aanbevelings

2.1 Die Sinode gee aan die te benoemde Deputate opdrag om dringend in samewerking met die redaksies van bogenoemde tydskrifte en die Bestuur van die Administratiewe Buro van die Gereformeerde Kerke moontlikhede te ondersoek om al die tydskrifte op 'n gesonde finansiële basis te plaas.

2.2 Moontlikhede wat ondersoek kan word is onder andere :

2.2.1 Dat *Die Kerkblad* 'n maandblad word

2.2.2 Dat Kerkrade opnuut ingelig word oor die omvang van die krisis waarin ons kerklike blaaie hulle bevind.

2.2.3 Dat Kerkrade en predikante opgeroep word tot daadwerklike pogings om nuwe intekenare te werf.

2.2.4 Dat kerke opnuut aangemoedig word om die tydskrifte per massapos te ontvang.

2.3 Die Sinode gee aan die Deputate die opdrag om die nodige stappe te neem om die tydskrifte op 'n gesonde finansiële basis te kry.

Besluit: Goedgekeur.

I. OORHANDING VAN OORKONDES

1. FRP de Bruyn rig 'n woord met betrekking tot: prof. GJC Jordaan – Redakteur van *Die Kerkblad* en Mev. M. Venter – Redakteur van *Die Vroueblad*.
2. Prof CFC Coetzee rig 'n woord tot prof. GJC Jordaan.
'n Skrywe van sr. Hannelie Jordaan word aan die vergadering voorgelees. 'n Woord van dank word ook gerig tot sr. Johanna Fourie om haar goeie werk in herinnering te roep.
Die Voorsitter, ds. PJ van der Walt, oorhandig 'n oorkonde aan prof. Jordaan.
Prof. Jordaan rig 'n dankwoord.
3. Ds. D Laufs rig woorde van waardering tot mev. Mariana Venter.
Ds. PJ van der Walt (Voorsitter) oorhandig 'n oorkonde aan mev. Venter.
Sy rig 'n dankwoord.

4.5 Redaksiekommissie vir die uitgee van die Almanak

4.5.1 Opdrag

Kyk Acta 2000:

- 4.5.1.1 Die *Almanak* word weer uitgegee en Deputate moet aangewys word met die opdrag om:
 - 4.5.1.1.1 Die *Almanak* met dagstukkies uit te gee
 - 4.5.1.1.2 Soveel as moontlik inligting van al die Sinodes van die Gereformeerde Kerke te publiseer
 - 4.5.1.1.3 Oorweging daaraan te skenk om die inligting van ouderlinge en diakens in 'n kleiner lettertipe te plaas om sodoende die dikte van die publikasie in ag te neem.
 - 4.5.1.1.4 Kyk na die moontlikheid van intensiewer bemerking van die *Almanak* om sodoende die publikasie in soveel moontlik huise beskikbaar te stel.
- 4.5.1.2 Neem 'n besluit oor die opgehoopte fondse met inagneming van die volgende aanbevelings van die Deputate:
 - 4.5.1.2.1 Die Sinode oorweeg dit om aan die nuwe Deputate 'n bufferbedrag van ongeveer R100 000 beskikbaar te stel om verdere verhogings te kan absorbeer en sodoende die verkoopprijs van die *Almanak* so laag as moontlik te hou en om die gehalte steeds te verbeter.
 - 4.5.1.2.2 Die Sinode oorweeg dit om twee derdes van die balans aan die CJBF beskikbaar te stel om spesifieke publikasies die lig te laat sien in diens van die kerke en die uitdra van Gereformeerde beginsels en een derde aan die Deputate vir Kerklike Tydskrifte.
 - 4.5.1.2.3 Die Deputate van die CJBF, in opdrag van die Sinode, dit oorweeg om 'n publikasie vir die algemene mark die lig te laat sien – met 'n seleksie van dagstukkies wat reeds verskyn het.
 - 4.5.1.2.4 Die Sinode verleen goedkeuring aan die optrede van die Deputate vir die *Almanak* van 'n bedrag van R35 000 wat aan die Deputate Kerklike Tydskrifte beskikbaar gestel is met die spesifieke doel om glansuitgawes vir *Slingervel* moontlik te maak sonder dat die prys van die *Slingervel* verhoog.
- 4.5.1.3 Die Sinode beoordeel die finansiële state.

Besluit: Kennis geneem.

4.5.2 Sake waarvan die Sinode moet kennis neem

- 4.5.2.1 Die *Almanak* het jaarliks verskyn (vgl Opdrag 1.1).
- 4.5.2.2 Die *Almanak* het jaarliks verskyn met dagstukkies en met inagneming van die Belydenisskrifte (vgl Opdrag 1.1.1). Die Deputate wil graag aan die Sinode rapporteer dat die *Almanak* met dagstukkies in die lig van korrespondensie wat ontvang is en volgens die beskeie oordeel van die Deputate baie goed ontvang is in die kerkverband en daarbuite. Die Deputate wil ook graag 'n woord van besondere dank uitspreek teenoor al die predikante wat op 'n besondere wyse saamgewerk het om van hierdie publikasie 'n sukses te maak.
- 4.5.2.3 Die *Almanak* het jaarliks soveel as moontlik inligting van al die Sinodes van die Gereformeerde Kerke gepubliseer (vgl Opdrag 1.1.2)
- 4.5.2.4 Die *Almanak* het jaarliks verskyn met die volledige plasing van die name van die ouderlinge en diakens. Genoemde inligting is in kleiner lettertipe geplaas om sodoende die dikte van die publikasie in ag te neem (vgl Opdrag 1.1.3)
- 4.5.2.5 Intensiewer bemarking van die *Almanak* is gedoen om sodoende die publikasie in soveel moontlik huise beskikbaar te stel. Plakkate en pamflette is jaarliks aan alle gemeentes, asook aan die hoofkantore van die ander drie Afrikaanse Kerke gestuur (vgl Opdrag 1.1.4)
- 4.5.2.6 Neem 'n besluit oor die opgehoopde fondse met inagneming van die volgende aanbevelings van die Deputate:
 - 4.5.2.6.1 Die Sinode oorweeg dit om aan die nuwe Deputate 'n bufferbedrag van ongeveer R100 000 beskikbaar te stel om verdere verhogings te kan absorbeer en sodoende die verkoopprijs van die *Almanak* so laag as moontlik te hou en om die gehalte steeds te verbeter.
 - 4.5.2.6.2 Die Sinode oorweeg dit om twee derdes van die balans aan die CJBF beskikbaar te stel om spesifieke publikasies die lig te laat sien in diens van die kerke en die uitdra van Gereformeerde beginsels en een derde aan die Deputate vir Kerklike Tydskrifte.
 - 4.5.2.6.3 Die Deputate van die CJBF, in opdrag van die Sinode, dit oorweeg om 'n publikasie vir die algemene mark die lig te laat sien – met 'n seleksie van dagstukkies wat reeds verskyn het.
 - 4.5.2.6.4 Die Sinode verleen goedkeuring aan die optrede van die Deputate vir die *Almanak* van 'n bedrag van R35 000 wat aan die Deputate Kerklike Tydskrifte beskikbaar gestel is met die spesifieke doel om glansuitgawes vir *Slingervel* moontlik te maak sonder dat die prys van die *Slingervel* verhoog.
- 4.5.2.7 Die oplaag van die *Almanak* was vir 2001: 19 500 eksemplare, vir 2002 was dit 19 000 en vir 2003 word 'n oplaag van 18 000 beplan. Die oplaag is elke jaar uitverkoop. Omdat die projek so geseënd is, het die Deputate 'n aantal eksemplare aan Gereformeerde instellings soos ouetehuse en kinderhuse gratis beskikbaar gestel. Die indruk wat die Deputate het, is dat kerkrade meer geredelik al die *Almanakke* wat hulle bestel van die hand sit en dat dit nie in konsistories ophoop nie.
- 4.5.2.8 Die Deputate is dankbaar om te rapporteer dat na die drie jaar 'n goeie wins getoon kan word soos blyk uit die Finansiële state wat aan die Sinode beskikbaar gestel is. Die Deputate was in die lig van die finansiële situasie

daartoe in staat om die prys van die *Almanak* vir die laaste twee uitgawes dieselfde te hou waarvoor ons baie dankbaar is.

- 4.5.2.9 Die Deputate se beleid is om al die inligting wat beskikbaar is van al drie die Sinodes van die Gereformeerde Kerke in die *Almanak* te plaas. Ongelukkig moet ons rapporteer dat die gedrukte inligting nie volledig is nie.
- 4.5.2.10 Dit is die beleid van die Deputate om jaarliks huldeblyke van predikante wat oorlede is te plaas.
- 4.5.2.11 Die Deputate plaas van tyd tot tyd (die vorige plasing was in 2000) 'n volledige lys van "Kerke en hulle predikante". Sodanige lys is weer volledig in die 2003 uitgawe van die *Almanak* geplaas.
- 4.5.2.12 Die Deputate poog om die standaard van die *Almanak* jaarliks te verbeter sodat dit 'n uitgawe sal wees waarop alle lidmate trots is. Ons wil verskeie lidmate en predikante bedank vir insette en wenke wat hulle vrymoedig na elke publikasie aan ons deurgee om ons daartoe in staat te stel.
- 4.5.2.13 'n Rubriek in elke uitgawe van die *Almanak* is die Ruit waaraan 'n groot aantal lidmate deelneem. Die Deputate bedank ds. Hennie van Wyk wat hierdie rubriek behartig.
- 4.5.2.14 Die *Almanak* is jaarliks by die Partikuliere Sinodes afgelewer vir verdere verspreiding deur die onderskeie kerke. Die Deputate maak ook gebruik van posversendings vir verafgeleë bestemmings wat moeilik met padvervoer bereik kan word. Kaa Bee vervoer het soos in die verlede 'n besondere diens gelewer met die aflewering van die *Almanak*. Ook vir hulle vriendelike diens baie dankie.
- 4.5.2.15 Die Deputate wil hulle dank uitspreek teenoor adverteerders wat in die *Almanak* adverteer om sodoende koste te beperk.
- 4.5.2.16 Die Deputate wil graag hulle dank uitspreek teenoor die personeel van die Administratiewe Buro en by name suster Wymie du Plessis en broeder Hannes Vorster vir die insette wat hulle maak om elke jaar die *Almanak* die lig laat sien. Ons wil ook graag vir Angie Mphata en Anna Leeuw bedank vir hulle hulp om die versending van die *Almanak* moontlik te maak.

Besluit: Kennis geneem.

4.5.3 Sake waarvoor die Sinode moet besluit

- 4.5.3.1 Die *Almanak* word weer uitgegee en 'n redaksie moet aangewys word met die opdrag om:
 - 4.5.3.1.1 Die *Almanak* met dagstukkies uit te gee
 - 4.5.3.1.2 Soveel as moontlik inligting van al die Sinodes van die Gereformeerde Kerke te publiseer
 - 4.5.3.1.3 Kyk na moontlikhede van intensiewer bemaking van die *Almanak* om sodoende die publikasie in soveel moontlik huise beskikbaar te stel.

Besluit: Goedgekeur.

- 4.5.3.2 Die Sinode neem die volgende vertrekpunt as uitgangspunt in die toedeling van die opgehoopte fondse van die *Almanak*: Fondse wat deur publikasies van die kerk gegenereer is, word aangewend om die publikasies van die kerk verder uit te bou. In die opsig wil die Deputate die volgende aanbevelings doen:

4.5.3.2.1 Fondse beskikbaar te stel om die uitgee van “*Die Bybel in Drie Jaar*” moontlik te maak.

Besluit: Goedgekeur.

4.5.3.2.2 ‘n Bufferbedrag van R50,000 aan die Redaksie van die Almanak om aan te wend vir die positiewe uitbou van die Almanak.

Besluit: Goedgekeur.

4.5.3.2.3 Aan die Deputate vir kerklike media opdrag te gee om indringend aandag te skenk aan die positiewe uitbou van die Kerklike Tydskrifte deur die volgende moontlikhede te ondersoek:

4.5.3.2.3.1 Finansiering in die daarstel van een kerklike tydskrif wat alle lidmate (mans, vrouens en kinders) in die kerk sal bedien. Sodanige finansiering moet die Deputate daartoe in staat stel om die tydskrif weer so ver as moontlik in elke Gereformeerde lidmaat se huis te plaas.

4.5.3.2.3.2 ‘n Voltydse redakteur/joernalis/bemarker aan te stel vir sodanige tydskrif.

Besluit: Nie goedgekeur nie. Die Redaksiekommissie vir die uitgee van die Almanak kan nie so ‘n aanbeveling oor ander kerklike tydskrifte maak nie.

4.5.3.3 Die Sinode beoordeel die finansiële state.

Besluit: Kennis geneem.

4.6 Evangeliseringsmedia

4.6.1 Opdragte (Acta 2000:467-471)

4.6.1.1 *Nuwe publikasies*

4.6.1.1.1 Quo Vadis

Gaan voort met die beskikbaarstelling van die blad om ‘n duidelike Bybelse appél op die buitekerklikes te maak (2000:3.2).

Die nuwe Deputate kry opdrag om *Qua Vadis* soos in die verlede te laat druk en volgens aanvraag op versoek van gemeentes te versprei teen die laags moontlike koste. Die voorkoms moet aantreklik wees sodat verspreiding effektief is (2000:3.5.1).

4.6.1.1.2 Hospitaallektuur: Gaan voort om hospitaallektuur beskikbaar te stel in Afrikaans en ‘n ander taal en dat spesifiek aan Xhosa aandag geskenk word (2000:3.3).

4.6.1.2 *Verspreiding van nuwe en ou publikasies*

4.6.1.2.1 Die Administratiewe Buro hou ‘n stel meesterdokumente van alle publikasies van die Deputate Evangeliseringsmedia op lêer. By voltooiing van publikasies, word een kopie van elke publikasie aan elke gemeente gestuur wat dit self kan vermeerder. Aan gemeentes wat meer kopieë bestel, word dit aangestuur (2000:3.5.1.1).

4.6.1.2.2 Die Deputate gaan voort om alle nuwe publikasies op Internet te plaas (2000:3.5.2.1).

4.6.1.2.3 Stel Stiffies/CD met die evangeliseringslektuur op aanvraag by die Administratiewe Buro beskikbaar (2000:3.5.2.2).

4.6.1.2.4 Lewer gereeld (jaarliks) verslag in die kerklike tydskrifte oor watter lektuur beskikbaar is (2000:3.5.3).

4.6.1.2.5 Deur al die jare het o.a. predikante al pragtige evangeliseringslektuur opgestel. Hierdie Deputate wil ‘n vriendelike beroep doen op hierdie broeders om hul werk beskikbaar te stel vir publikasie. Kerkrade en predikante word

- aangemoedig om bestaande lektuur beskikbaar te stel aan die Deputate, wat die lektuur redaksioneel sal versorg en persklaar maak (2000:3.6.1).
- 4.6.1.2.6 Die lektuur wat vorige Deputate gepubliseer het, moet nie vergete raak nie. Daar moet gepoog word om die beskikbare stukke opnuut bekend te stel. Die nuwe Deputate stel ook die lektuur van vorige Deputategroepe, sover dit bruikbaar en beskikbaar is, op o.a. Internet en rekenaarstiffies beskikbaar (2000:3.6.2).
- 4.6.1.3 *Uitgee van publikasies*
- 4.6.1.3.1 Weens die koste van die druk van twee en meer kleure op al die lektuur, is daar na die einde van hierdie Deputate se termyn afgesien daarvan om die logo in kleur te druk. Die logo wat hierdie Deputate begin gebruik het, bly behoue, maar die Deputate probeer tóg om dit verkieslik in kleur te druk (2000:3.4).
- 4.6.1.3.2 Keur dit goed dat alle lektuur van hierdie Deputate (huidige, voriges en toekomstiges) vrylik gedupliseer mag word, dat daar geen kopiereg aan die publikasies gekoppel word nie, maar wel erkenning gegee word dat dit deur die GKSA uitgegee is (2000:3.5.1.2).

Besluit: Kennis geneem.

4.6.2 Sake waarvan die Sinode moet kennis neem

- 4.6.2.1 Die subgroeplede het eers laat in hul termyn werklik bewus geword van wat hul opdragte was.
- 4.6.2.2 Daar is toe 'n onderlinge werksverdeling gedoen, met ds. HLJ Momberg verantwoordelik vir die *Nuwe Publikasies* en ds. PW Kurpershoek vir die *Verspreiding van nuwe en ou publikasies*.
- 4.6.2.3 *Ten opsigte van Nuwe Publikasies*
- 4.6.2.3.1 Daar is verskeie kere oproepe aan kerke gemaak om hulle lektuur wat plaaslik gebruik word, beskikbaar te stel vir publikasie. Die reaksie was egter teleurstellend.
- 4.6.2.3.2 'n Verwerking van die Heidelbergse Kategismus in aktuele besprekingspunte na aanleiding van die boekie "Never on your own" van Gorden Spykman, is in Afrikaans vertaal en beskikbaar vir gebruik deur kerke in hulle evangeliseringsprogramme.
- 4.6.2.3.3 'n Aantal werkies, die Bybelse geskiedenis in vrae en antwoorde, is ontvang en gereed vir publikasie.
- 4.6.2.3.4 Daar is in verband met die publiseer van nuwe literatuur (Quo Vadis en Hospitaallektuur) besin oor die moontlikheid dat die bestaande kerklike tydskrifte ook terselfdertyd gebruik word vir evangeliseringsdoeleindes.
- 4.6.2.3.4.1 Uitgawes van die bestaande kerklike tydskrifte, *Die Kerkblad*, *Die Gereformeerde Vroueblad* en die *Slingervel* van die afgelope drie jaar is nagegaan en bevind dat enige en alle temas wat ookal in evangeliseringslektuur gepubliseer kan word, in normale tafelgesprekke, of ook in hospitale, reeds in verskillende vorme oorvloedig in die bestaande tydskrifte aandag kry. Preke/Skrifoordenkings, tema-uitgawes, enkel artikels, Bybelstudieprogramme, Jeugrubrieke, maatskaplike en pastorale temas, en ook temas wat met die Gereformeerde leer en lewe in die wêreld

in verband staan, word op eenvoudig verstaanbare asook bruikbare wyse vir ampsdraers en lidmate in die kerklike tydskrifte aangebied.

- 4.6.2.3.4.2 'n Besondere faktor wat bogenoemde denkrigting om van bestaande tydskrifte gebruik te maak, versterk, is die finansiële faktor. Daar is in die dienstermyn van die afgelope 3 jaar marknavorsing gedoen oor die finansiële drakrag van die bestaande kerklike tydskrifte. Daar is veral met kommer kennis geneem van die dalende intekenaartalle, hoofsaaklik omdat intekenaars nie meer die haalbaarheid of nodigheid van die tydskrifte na waarde ag nie, ten spyte van rapporte wat die hoë kwaliteit van die inhoud daarvan bevestig. Wanneer die finansies wat beskikbaar gemaak is vir die produseer en publiseer van evangeliseringslektuur gebruik sou kon word om die finansiële oorlewing van ons bestaande kerklike tydskrifte te vergemaklik, sou dit tegelyk ook die publikasie en verspreiding van nuwe bruikbare evangeliseringslektuur via die bestaande tydskrifte soveel meer effektief maak.
- 4.6.2.3.4.3 Die verspreiding van bruikbare evangeliseringslektuur is op hierdie wyse veel meer effektief as die kennisgewing dat dit by aanvraag beskikbaar is. Die drie kerklike tydskrifte kom tans in die ressort van elke gemeente van ons land.
- 4.6.2.3.4.4 Dit sou dus om verskeie redes baie sinvol wees om betreffende die produseer van nuwe evangeliseringslektuur, dit in samevoeging met die bestaande kerklike tydskrifte te behartig, nie soseer om nuwe dimensies aan bestaande kerklike tydskrifte te gee nie, want inhoudelik is dit reeds daarin aanwesig, maar om die bestaande projekte te help uitbou en veral die bruikbaarheid daarvan uit te brei.
- 4.6.2.4 *Ten opsigte van verspreiding van nuwe en ou publikasies*
- 4.6.2.4.1 Daar is op verskillende maniere gepoog om so veel as moontlik relevante literatuur wat reeds bestaan het, te versamel. Spesifiek is ook 'n versoek aan kerkrade en predikante gerig om van hul werk beskikbaar te stel. Reaksie hierop was egter teleurstellend.
- 4.6.2.4.2 Die proses om alle literatuur te orden, klassifiseer en liasseer is tydrawend. Daar word beplan om DV teen Januarie 2003 'n (so ver as moontlik) volledige stel van meesterdokumente van beide ou en nuwe publikasies by die Administratiewe Buro beskikbaar te stel.
- 4.6.2.4.3 'n Proses is aan die gang om moontlik die Missiodex-databasis wat op die rekenaar-katalogus van die Ferdinand Postma-biblioteek verskyn, as sentrale data-basis te gebruik en verder op te dateer.
- 4.6.2.4 Om onnodige duplisering te voorkom, is advertering en beskikbaarstelling van alle materiaal – harde kopieë, op stiffies/CD's en op Internet – uitgestel tot en met die voltooiing van die meesterlêer.

Besluit: Kennis geneem.

4.6.3 Sake waarvoor die Sinode moet besluit

- 4.6.3.1 Wys weer Deputate aan vir die oorhoofse koördinering van Evangeliseringsmedia.

Besluit: Goedgekeur.

4.6.3.2 *Ten opsigte van nuwe publikasies*

- 4.6.3.2.1 Om in samewerking met die Redaksiekommissies van die bestaande kerklike tydskrifte behulpsaam te wees in die produseer van bruikbare evangeliseringslektuur. Om saam met die Redaksiekommissies van die bestaande kerklike tydskrifte te werk daaraan om van tyd tot tyd saamgestelde publikasies bestaande uit artikels, Bybelstudies en rubrieke van soortgelyke inhoud die lig te laat sien.
- 4.6.3.2.2 Om voort te gaan om van die moderne kommunikasiemedie gebruik te maak in die uitvoering van bogenoemde opdrag.
- 4.6.3.2.3 Om kerkrade en individue vriendelik te versoek om hulle kosbare werk wat reeds gedoen is, beskikbaar te stel om sentraal beskikbaar gemaak te word vir almal.

Besluit: Goedgekeur.

4.6.3.3 *Ten opsigte van Verspreiding van nuwe en ou publikasies*

- 4.6.3.3.1 Die nuwe Deputate hou die meesterlêer by die Administratiewe Buro sowel as die Missiodex-databasis op datum en brei dit uit soos nodig
- 4.6.3.3.2 Die nuwe Deputate stel 'n omvattende indeks van literatuur in meesterlêer aan alle kerkrade beskikbaar.
- 4.6.3.3.3 Die nuwe Deputate stel by voltooiing van publikasies een kopie van elke publikasie aan elke gemeente beskikbaar.
- 4.6.3.3.4 Die nuwe Deputate ontwikkel die Internet as verspreidingsnetwerk vir literatuur.
- 4.6.3.3.5 Die nuwe Deputate gaan voort om stiffies/CD's met relevante lektuur op aanvraag by die Administratiewe Buro beskikbaar te stel.

Besluit: Goedgekeur.

4.7 *Calvyn-Jubileumboekfonds (CJBF)*

4.7.1 *Opdrag* (Acta 2000:465-467)

- 4.7.1.1 Skenk oorweging aan die herdruk van *Salf vir die wonde* – prof. PJ de Bruyn, sou fondse beskikbaar word
- 4.7.1.2 Finalisering en publikasie van 'n indeks by die Institusie van Calvyn
- 4.7.1.3 Vertaling van die nuwe vertaling van die *Dordtse Leerreëls* moet in die volgende uitgawe van die Psalmboek gedruk word
- 4.7.1.4 Regstellings in die Formulier van die doop vir kinders moet in die volgende uitgawe van die Psalmboek opgeneem word
- 4.7.1.5 Die publikasies van die CJBF moet meer aggressief bemark word
- 4.7.1.6 Volledige verslag oor voorrade, begrotings van voorrade en nuwe publikasies

Besluit: Kennis geneem.

4.7.2 *Sake waarvan die Sinode moet kennis neem*

- 4.7.2.1 Na hersiening deur die skrywer is *Salf vir die Wonde* herdruk en vir verkoping beskikbaar gestel.
- 4.7.2.2 Die finalisering en publikasie van 'n indeks by die Institusie van Calvyn kon nie afgehandel word nie. Navrae dui daarop dat die oorspronklike elektroniese weergawe van die Institusie, wat vir sodanige indeksering benodig word, waarskynlik verlore is.

- 4.7.2.3 Die nuwe vertaling van die *Dordtse Leerreëls* is in die 2000 hersiene uitgawe van die Psalmboek opgeneem.
- 4.7.2.4 Die regstellings in die Formulier vir die kinderdoop is in die 2000 hersiene uitgawe van die Psalmboek opgeneem.
- 4.7.2.5 Publikasies van die CJBF is bemark deur persoonlike skrywes aan kerkrade en advertensies in die *Almanak* en ook advertensies in *Die Kerkblad*.
- 4.7.2.6 Volledige verslag oor voorrade, begrotings van voorrade en nuwe publikasies: Oor hierdie aspekte word gerapporteer in die state van die Administratiewe Buro.
- 4.7.2.7 Toekomstige publikasies van die CJBF wat beoog word: Op hierdie stadium word preke van Ds. MS Thamae beoordeel met die oog om dit te druk en aan Tswanasprekendes te verkoop. 'n Heruitgawe van prof. PJ de Bruyn se "Brood vir die lewe" word ook in die vooruitsig gestel.
- 4.7.2.8 Kopiereg: Goedkeuring is aan me. Jansie van der Walt verleen om haar jeugroman "Johannes Calvyn" in Engels te vertaal.
- 4.7.2.9 Finansies: Die finansiële state van die van die Totiusfonds en die CJBF is ingesluit in die state van die Administratiewe Buro.

Besluit: Kennis geneem.

4.7.3 Sake waaroor die Sinode moet besluit

- 4.7.3.1 Die Deputate is deur Lux Verbi (drukkers van die Psalmboek) genader met die versoek dat 'n toekomstige oplaag van die Psalmboek in dieselfde formaat as die Liedboek van die Kerk gedruk word d.w.s. 125mm x 170mm teenoor die 105mm x 152mm van die huidige Psalmboek. As redes word aangevoer:
 - 4.7.3.1.1 Die huidige Psalmboek word op plat velle papier gedruk. Die Liedboek van die Kerk word van 'n rol gedruk. Dit is 'n vinniger en meer ekonomiese drukproses.
 - 4.7.3.1.2 Die papier vir die huidige formaat van die Psalmboek moet spesiaal ingevoer word.
 - 4.7.3.1.3 As drukwerk van 'n rol geskied vind die druk en vou proses op dieselfde tyd plaas wat koste bespaar.
 - 4.7.3.1.4 Aangesien die drukker altyd papier in voorraad hou vir die Liedboek van die Kerk, kan die Psalmboek ter eniger tyd herdruk word. Dit het die voordeel dat 'n kleiner oplaag van die Psalmboek gedruk hoef te word.
 - 4.7.3.1.5 Die nuwe formaat sal ook 'n effens groter skrif hê.

Besluit: Goedgekeur.

4.7.3.2 Dat Deputate weer aangewys word met die volgende opdragte:

- 4.7.3.2.1 Die oorweging, beoordeling en uitgee van toekomstige publikasies
- 4.7.3.2.2 Die advertering en bemarking van CJBF-publikasies
- 4.7.3.2.3 Uitvoering van opdragte oor publikasie van die Psalmboek soos deur die Sinode besluit.

Besluit: Goedgekeur.

4.8 Radio- en TV-uitsendings

4.8.1 Opdrag

Om in samewerking met Radio Pretoria, asook SABC en CNW en ander gelisensieerde Uitsaaiers met wie amptelike samewerkingsooreenkomste bestaan, die uitsending van Gereformeerde eredienste, kerknuus en deelname aan Godsdienprogramme oor Radio en TV te reël

Besluit: Kennis geneem.

4.8.2 Sake om van kennis te neem

4.8.2.1 Gereformeerde eredienste en kerknuus is slegs gereël met Radio Pretoria en CNW wat via Radio Sonder Grense uitsaai.

4.8.2.2 Ten opsigte van Radio Pretoria:

4.8.2.2.1 Oor Radio Pretoria ontvang die GKSA 'n gelykop uitsaaigeleentheid saam met drie ander Afrikaanse Kerke naamlik die Afrikaanse Protestantse Kerk, Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Nederduitse Hervormde Kerk. Dit bring mee dat daar 12 Sondae en enkele kere selfs 13 Sondae aan Gereformeerde Kerke toegeken word vir 24 tot 26 erediensuitsendings per jaar.

